



30 Januarie 2015

**GERIG AAN:
ALLE AFGEVAARDIGDES NA DIE BUITENGEWONE SINODESITTING
NG KERK VRYSTAAT**

Beste Kollegas

BUITENGEWONE SINODESITTING: GELOOFSBRIEWE, AGENDA, PLEK, KOSTE EN VERBLIF

Daar is reeds in 'n vorige omsendskrywe (7 November 2014), kennis gegee van die vergadering van die **Buitengewone Sinode wat op Dinsdag 17 Maart 2015 vanaf 09:00 tot 17:00**, gaan plaasvind. Neem asseblief ook kennis van die volgende inligting:

1. GELOOFSBRIEWE (weer as bylaag aangeheg):

Uit navrae wat reeds oor die geloofsbrief ontvang is, het dit duidelik geword dat nie almal die brief van 7 November 2014 deeglik gelees en hulself vergewis het **van die wyse waarop die geloofsbrief voltooi moet word nie**. 'n Uittreksel uit hierdie brief word weer vir u gerief aangehaal – **maak seker van die korrekte prosedure, met spesifieke verwysing na punt 33.1** (hierdie geloofsbrief lyk nie soos vorige geloofsbriewe nie en is juis nuut saamgestel om dit vir gemeentes en ook vir hierdie kantoor, makliker te maak met die administrasie):

“33.1.1. uit een bedienaar van die Woord en een ouderling/diaken as afgevaardigdes deur die kerkraad van elke gemeente binne die sinodale gebied. Waar die pos vir die bedienaar van die Woord vakant is, kan 'n ouderling/diaken in die plek van die bedienaar van die Woord afgevaardig word; óf

33.1.2 as 'n gemeente meer as een pos vir bedienaar van die Woord het, het die kerkraad die reg om meer bedienaars van die Woord en nog een ouderling/diaken vir elke bykomende bedienaar van die Woord af te vaardig, indien die sinode daartoe besluit. Waar sodanige gemeente 'n pos vir bedienaar van die Woord vakant is, mag die kerkraad 'n ouderling/diaken vir die pos afvaardig;

33.3 Vir elke afgevaardigde word 'n sekundus aangewys. 'n Ouderling/diaken mag as sekundus vir die bedienaar van die Woord optree.

33.4 Afgevaardigdes moet van geloofsbriewe voorsien wees.”

NB! Die Sinode Vrystaat het by bogenoemde Artikel, ook die volgende besluite geneem:

*33.1 Elke kerkraad binne die sinodale gebied vaardig ten minste een bedienaar van die Woord en een kerkraadslid af na die sinode. **Gemeentes met meer as een pos vir 'n Bedienaar van die Woord kan na goeddunke soveel addisionele bedienaars van die Woord en 'n kerkraadslid vir elke Bedienaar van die Woord afvaardig, tot die totaal van die aantal poste vir die Bedienaar van die Woord van die gemeente, met dien verstande dat hulle proporsioneel bykomend sal bydra tot die koste van die Sinode. 'n Gelyke aantal sekundi word aangewys wat, indien nodig, in volgorde opgeroep word.***

33.2 'n Primarius- en sekundus afgevaardigde mag mekaar tydens die Sinode vervang, met dien verstande dat die afvaardigende kerkraad self vir die ekstra koste instaan.

Let asseblief daarop dat u hierdie spesifieke geloofsbrief moet gebruik! Geen vorige sinodesitting se geloofsbrief, of 'n geloofsbrief vir 'n Ringsitting word aanvaar nie. Neem ook kennis van al die notas op dié geloofsbrief, sodat die aanwysing van afgevaardigdes, korrek hanteer word.

Die **oorspronklike geloofsbrief** in enkelvoud, moet hierdie kantoor asseblief **vóór, of op Dinsdag 10 Februarie 2015 bereik**. Indien die posstaking iets van die verlede is, stuur asseblief per pos aan: Die Skriba - Moderamen, Posbus 11412, Universitas, 9321, of anders **word u vriendelik versoek om die**



oorspronklike dokument per hand, of per koerier by Van Heerdenweg 20, Wilgehof, Bloemfontein, af te lewer. (Hou asseblief 'n afskrif van die geloofsbrief in u besit vir ingeval die oorspronklike kopie verlore raak.) U kan wel intussen, totdat die oorspronklike kopie ons bereik, 'n afskrif faks na 086 502 0821, of dit per e-pos stuur na kerkinfo@ngkvs.co.za. Sommige gemeentes se 1ste- of spesiale kerkraadvergadering vind eers na 10 Februarie 2015 plaas – u word versoek om die oorspronklike geloofsbrief spoedig ná u vergadering (verkieslik teen 27 Februarie 2015) per hand by die Sinodale Kantoor af te lewer!

2. AGENDA:

2.1 Voorgestelde Artikel 1:

2.1.1 Verslag oor prosas rakende Artikel 1 in gemeentes en ringe

2.1.2 Stemming oor Artikel 1

2.2 Die permanente adres van die Argief en verwante sake.

2.3 Verslae van Eenhede ten opsigte van spoedeisende sake:

2.3.1 Eenheid vir Visionering: Bekendstelling van Jubeljaar

2.3.2 Raad vir Eenheid vir Ondersteuning (REO):

2.3.2.1 Sinodebesluit oor mediese fonds vir groepe (Status C)

2.3.2.2 Jaarlikse bekendmaking van riglyne vanaf Algemene Sinode (ASFB) ten opsigte van vergoedingspakket vir Bedienaars van die Woord (addisioneel tot riglyne goedgekeur deur die REO).

Die volledige Agenda met meegaande verslae sal per e-pos aan alle afgevaardigdes en die kerkkantore gestuur word op Maandag 2 Maart 2015 – wees asseblief op die uitkyk daarvoor.

3. PLEK:

Die Buitengewone Sinodesitting sal slegs een dag duur en vind by die NG Gemeente Aandbloem se saal plaas (op die gronde van ENGO – kaart met GPS Koördinate is as bylaag aangeheg) – daar is twee ingange, die hoofingang in Van Heerdenstraat, langs die Sinodale Sentrum, asook die ingang in Walter Sizulustraart (voorheen Haldonweg).

4. KOSTE:

Die Sinode betaal die reiskoste van een voertuig per gemeente @ R1,50 per kilometer. Die koste van die Sinode per afgevaardigde is R150 en is betaalbaar vóór of op Maandag 2 Maart 2015 by NG Kerk OVS, ABSA Tjekrekening nr 470 000 406, met verwysing "SINODE + U EIE GEMEENTENAAM". Faks asseblief die bewys van betaling aan 086 549 6214 vir aandag, Celia McLean, of stuur per e-pos aan cmclean@ngkvs.co.za. Hierdie kostes sluit koffie/tee en 'n middagete in.

REISKOSTEVORMS: U sal ook 'n reiskostevorm saam met die Agenda ontvang wat u **vóór die tyd moet invul en weer aan die kerkkantoor terugbesorg via e-pos of faks** – stuur vir aandag aan Marinda Pienaar by marinda@ngkvs.co.za, of faks na 086 502 0814 of 051 447 2145. U kan ook die reiskostevorms op die dag van die Sinode indien waar Marinda 'n tafel vir hierdie doel sal beman.

5. VERBLYF:

Verblyf vir die Sinode is gratis beskikbaar by Mooigenoeg kampterrein. Indien u hiervan gebruik wil maak, kontak asseblief vir Marinda Pienaar by 051 406 6701, of stuur 'n e-pos aan marinda@ngkvs.co.za. Bespreek u verblyf by Mooigenoeg asseblief vóór of op 2 Maart 2014. Indien u van enige ander verblyf gebruik wil maak, moet u self die bespreking hanteer en is u ook **verantwoordelik vir die koste daaraan verbonde**.

Indien u enige ander navrae het, kontak vir Thea by 051 406 6719, of stuur 'n e-pos aan kerkinfo@ngkvs.co.za.

Seënwense in Christus.


Dr Carin van Schalkwyk
SKRIBA – MODERAMEN

